**TYDSDUUR: 60 Minute**

CONQUESTA is 'n lid van ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

© Kopiereg

# CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

*Vraestelle moet in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studente nommer terug-gestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saam in volgorde gehou word. Dankie.*

## Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 3

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
*(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)*
Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

| *Voorbeeld*: Die son skyn in die … . | (a) dag | (b) nag | (c) lag | (d) sag |
|---|---|---|---|---|

*Lees die gedig onder en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 10.*

### Die Vullisdrom op die Speelgrond




Ai, sug die drom op die speelgrond,
Almal hardloop so ver om my rond.
Ek wonder of daar iets in my
magie sal val.

Niemand sien my raak nie!
Niemand wil die woorde op
my magie lees nie.

"Gooi jou rommer hierin," staan groot geskryf,
maar kyk, ek staan leeg met my groot, swarte
lyf.

Leë bottels en blikkies en lekkergoedpapiere,
Ek eet en drink alles, want dis goeie maniere.
Leë sakkies en pakkies en stukke plastiek,
om te sien hoe dit rondlê, maak my so siek.
Asseblief nou my maats, moenie so mors nie,
Julle wil nie die naam van morsjorse dra nie.

Gooi wat leeg en gebruik is, altyd in die drom,
Want dit is mos waar die gemorsgoed moet kom.
Vertel dit vir almal reg oor die hele wêreld!

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **1.** | **Waarom sug die drom op die speelgrond?** *Niemand …… .* | (a) praat met hom nie | (b) wil met hom praat nie | (c) wil vullis in hom gooi nie | (d) weet dat hy 'n vullisdrom is nie |
| **2.** | **Kies die korrekte sinoniem vir *'rommel'* uit die leesstuk.** | (a) gemaak | (b) gemors | (c) gemaal | (d) gemars |
| **3.** | **Waarom is dit nie ideaal om plastiek op die grond te gooi nie? Watter een is *nie* korrek *nie*?** | (a) Dit is skadeloos vir die omgewing. | (b) Dit is skadelik vir die omgewing. | (c) Dit sal deur die riviere in die see beland. | (d) Die wind sal dit in al die riviere waai. |





| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **4.** | **Kies die antoniem vir die woord *'niemand'*.** | (a) almal | (b) altyd | (c) albei | (d) ander |
| **5.** | **Wat staan op die vullisblik geskryf?** | (a) Gooi jou rommel langs die drom. | (b) Gooi jou rommel in die drom. | (c) Gooi jou rommel teen die drom. | (d) Gooi jou rommel agter die drom. |
| **6.** | **Kies een woord vir *'reg oor die wêreld'*.** | (a) wêreld-wyd | (b) wêreld-vrede | (c) wêreld-rekord | (d) wêreld-kampioen |
| **7.** | **Wat kan jy doen om besoedeling te voorkom?** | (a) Gooi rommel in die park. | (b) Gooi rommel in die straat. | (c) Gooi rommel in die rivier. | (d) Gooi rommel in 'n vullisblik. |
| **8.** | **Waarom is plastiek sleg vir die aarde? Watter antwoord is *nie* korrek *nie*?** | (a) Dit maak ons diere dood. | (b) Dit vernietig die natuur. | (c) Dit vererger besoedeling. | (d) Dit verbeter ons omgewing. |
| **9.** | **Watter woord is *nie* 'n samestelling *nie*.** | (a) morsjors | (b) besoedeling | (c) vullisblik | (d) gemors-goed |
| **10.** | **Wat is die verkleinwoord van *'maag*?** | (a) maagie | (b) magie | (c) maggie | (d) maagietjie |

*Lees die leesstukkie onder en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 11 – 15.*



Vullis is oral: in huise, strate, skole, parke en winkels.
Die kinders speel daarop,
honde snuffel daarin rond en honger mense soek vir iets om te eet.
Die vullis word nooit behoorlik verwyder nie.
Dit help nie ons kla nie,
ons sal self iets daaraan moet doen!
Daar moet meer vullisblikke op die strate wees
en mense moet verbied word om vullis enige plek neer te gooi.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **11.** | **Kies die sinoniem vir die woord *'ruik'*.** | (a) krap | (b) voel | (c) snuffel | (d) loop |



Voorbeeld